

# Leesleiding



## Deel 2

RONEL MOUTON

Assistentdirekteur, Outeniqua Beheerarea

*'I have always thought that librarians are a little bit like doctors, travel agents and professors all rolled into one. We all know that a great story can lift spirits, take you anywhere in the world you want to go and in any time period to boot, and the lessons you learn from a good book can buoy your own convictions and even change your life.'* (Dorothea Benton Frank)

### Nog wenke

- ▶ Baie lesers vra nie maklik raad ten opsigte van fiksie-keuses nie en biblioteekpersoneel moet daarom pro-aktief wees.
- ▶ Biblioteekgebruikers kyk graag na wat ander gelees het. Let maar op watter lesers gaan eerste na die trolles met boeke wat teruggekomp het. Dit is maar net nog 'n vorm van leiding om by 'n geskikte boek uit te kom.
- ▶ As iemand rondstaan en lyk asof hy/sy nie weet waar om te vat of te los nie, bied hulp aan.
- ▶ Vra uit na leners se belangstellings en neem hulle na die rak waar daardie tipe boeke staan. Knoop 'n geselsie aan. Terwyl jy uitvra, kom jy agter waarin die lener regtig belangstel.
- ▶ Bied aan om 'n spesifieke skrywer se boeke in die hande te kry as dit nie in die biblioteek is nie.
- ▶ Verduidelik hoe spesiale aanvrae werk en bied die diens aan. Alle biblioteekgebruikers is nie bewus van die moontlikheid om boeke van ander biblioteke te leen nie.
- ▶ Bring die leeslyste onder die publiek se aandag. Moenie dit agter die toonbank hou waar niemand daarvan weet of dit nie kan sien nie.
- ▶ Wees bewus van wat elke personeellid se belangstelling is. As 'n personeellid 'n fantasie- of wetenskapfiksieleser is en iemand vra na goeie skrywers of reekse in die genre, kan jy hulle verwys na die betrokke personeellid met dié belangstelling.
- ▶ AJF E en EJF E kan volgens onderwerp geliasseer word met rakopskrifte. Maak slegs 'n rak vir 'n onderwerp indien daar genoeg boeke oor die onderwerp is.
- ▶ Indien jou biblioteek baie spesiale aanvrae hanteer, kan 'n lys van titels en onderwerpe op 'n aansteekbord aangedui word. Dit sal ander lesers idees gee van wat bekend of gewild is.
- ▶ Dit is altyd goed om 'n eerstepandse opinie oor 'n skrywer of boek te gee. Sterk lesers kan uitgevra word oor hulle ervaring van die boek of skrywer. So sal 'n gereelde leser van, byvoorbeeld, James Patterson die nuutste titel kan vergelyk met sy ander titels en 'n opinie gee, wat vergelyk kan word met ander lesers se opinies.
- ▶ Indien jy nie tyd het om klassieke werke of ander titels in die oorspronklike weergawe te lees nie, kan jy gerus verkorte of jeugweergawes lees, of na die audio-boek luister as dit beskikbaar is.
- ▶ Wanneer jy betrokke raak by die publiek om raad te gee, sal dit definitief lei tot beter voorraadbou, want jy gaan die smake van die mense leer ken en beter keuses van nuwe en gebruikte boeke maak.
- ▶ Kry mense uit die gemeenskap wat goed is om voorlesings te doen of boekpraatjies aan te bied.
- ▶ Gaan doen voorlesings in skole om kinders lus te maak vir lekker stories. Die ouer AJF J titels is baie goeie verhale, maar dit lyk ongelukkig vaal. Lesers moet bewus gemaak word van die goeie stories.
- ▶ Personeel kan sekere boeke lees en dit tydens 'n personeelvergadering aan ander personeel bekendstel.
- ▶ Vind uit oor webwerwe wat lesers kan help met leeskeuses en bring dit op strategiese plekke aan sodat mense dit kan raaksien.
- ▶ Wees nuuskierig/geïnteresseerd oor nuwe boeke. Lees die flapteks en kyk na die inhoudsopgawe in die geval van nie-fiksie.
- ▶ Indien materiaal sensitiewe inhoud het, moet dit onder lesers se aandag gebring word. Sodanige interaksie met die lesers is vertroulik, veral in 'n klein dorpie kan egter nie sensuur toepas nie. Leners, veral volwassenes, maak hulle eie keuses.
- ▶ Begin 'n boek- of leesklub as daar nog nie een by die biblioteek is nie of kry iemand uit die gemeenskap om boekvoorlesings te doen.
- ▶ Die bibliotekaris en biblioteekpersoneel raak onmisbaar wanneer ons die regte boeke pas-maak met die regte lesers.